AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

HANDBOEKLYS 2020

GEVORDERDE DIPLOMA IN PROJEKBESTUUR



Nicholas, J & Steyn, H. 2017. *Project Management for engineering, business and technology*. 5de uitgawe. New York, NY: Routledge.

ISBN: 9781138937345

Veronderstelde koste is R500

Aankoop van handboeke

- Die aankoop van handboeke is studente se eie verantwoordelikheid.
- Studente is welkom om tussen die digitale of gedrukte weergawe van 'n boek te kies.
- Let daarop dat daar wagperiodes betrokke kan wees met die bestel van handboeke.
- Studente moet sorg dat handboeke reeds met die eerste kontaksessie aangekoop is.

Akademiese boekwinkels

Die handboeke is beskikbaar by akademiese boekwinkels (studente mag gerus van ander boekwinkels gebruik maak). Oorweeg ook aanlyn verkoopsportale soos Loot en Takealot.

Engelse handboeke

Afrikaans is Akademia se voertaal, en sy plaas 'n hoë premie op moedertaalonderrig. Ongelukkig is dit onvermydelik dat daar in bepaalde gevalle van Engelse handboeke gebruik gemaak moet word, aangesien sekere tekste nie in Afrikaans beskikbaar is nie.

Verder noodsaak Akademia se fokus op akademiese uitnemendheid dat die mees geskikte en relevante studiemateriaal ten opsigte van vakdissipline en die dinamiese bedryfsomgewing voorgeskryf word. Die werklikheid hou in dat hierdie bronne dikwels Engels mag wees – alhoewel daar alle moeite gedoen word om waar moontlik van gepaste Afrikaanse bronne gebruik te maak.

Akademia neem erns met die begeleiding van studente in hulle moedertaal, en daarom is die oorgrootte meerderheid bykomende hulpbronne, asook die aanlyn leerplatform (die Spens), uitsluitlik in Afrikaans.

Klik hier om die Akademia-webblad te besoek vir meer inligting met betrekking tot handboeke, verskaffers en die beleid rakende Engelse publikasies.